Missie Japan
Posbus 11412
Universitas, 9321, Suid Afrika
0027514066729
missie@ngkvs.co.za

Mission Japan
PO Box 11412
Universitas, 9321, South Africa
0027514066729
missie@ngkvs.co.za

21 Mei 2015

Liewe medewerkers en vriende

KAREN STRYDOM, ONS NUWE SENDELING NA JAPAN

Dit is vir Missie Japan aangenaam om bekend te maak dat ons vir Karen Strydom stuur as ons volgende sendeling na Japan. Ons is diep dankbaar en opgewonde dat Karen uiteindelik ja kon sê op die duidelike roepstem van die Here**.**

Na ’n keuringsproses, waarin Missie Japan saam met die kerk in Japan biddend gesoek het na die Here se leiding, is ons bly om te kan getuig van Karen se roeping. Sy het die nodige kwalifikasies, sy het ’n pragtige ingesteldheid en sy is self baie oortuig van haar roeping na Japan. Om as jong vrou ja te sê vir ’n lewenslange roeping om in ’n ver land en binne ’n vreemde kultuur – waar minder as 1% van die bevolking Christene is – te gaan werk, vra nogal groot opoffering en toewyding.

Karen het teologie aan die Universiteit van Stellenbosch studeer en as jeugwerker kwalifiseer. Daarna het sy vir ’n paar jaar jeugwerk in die NG Gemeente Andrew Murray in Johannesburg gedoen. Sy het ’n groot passie vir jeugwerk en kon waardevolle ondervinding opdoen. In die Reformed Church in Japan, wat sukkel om effektief uit te reik na ’n jonger generasie, is daar ’n dringende behoefte aan iemand om hulle te kom help om jeugwerk te vestig. Maar eers sal Karen Japannees moet aanleer! Japannees is ’n uiters moeilike taal om te bemeester en dit gaan ten minste twee jaar se voltydse studie in Japan verg.

Karen is tans besig om gemeentes en individue te besoek. Aangesien Missie Japan se werk van vrywillige finansiële bydraes afhanklik is, moet Karen eers ’n ondersteuningsbasis vestig. Dit beteken dat sy graag haar roepingsverhaal aan gemeentes, geloofsgroepe en individue vertel en die Here dan vertrou om medewerkers te gee wat kan deel in haar roeping.

Kom ons help Karen in hierdie groot onderneming. Kom ons bid vir haar, vir haar emosionele, fisiese en geestelike voorbereiding. Kom ons bid vir Missie Japan wat haar stuur en vir die Reformed Church in Japan wat haar gaan ontvang. En kom ons dank die Here dat hy so ’n besondere jong vrou soos Karen vir hierdie groot werk geroep het. Haar roeping is ook ons roeping!

Dankie vir julle lojale ondersteuning. Seënwense.

Dr Gideon van der Watt (Sekretaris)

Bank: ***ABSA****, Naam:* ***Missie Japan****, Tjek rekening: 40-4969- 0248*

Christ’s love compels us ***Die liefde van Christus dring ons***